



SKIETOEFENING VIR VOORLAIERS

1. Inleiding

Hierdie skietoefening het ten doel om die jag van medium grootte wildspesies in 'n bosveldomgewing met voorlaaier gewere te simuleer. Voorlaaier gewere kan suksesvol in die jag omgewing gebruik word. Die vaardigheid van die skut gaan egter 'n groter rol speel ten einde goeie punte te behaal. Die tel-areas op die teiken is relatief groot maar die skietkompetisie is uitdagend. Die uitdaging vir die jagter is in die kennis van sy gewere se vermoëns en swartkruitgewere se koeëltrajek.

'n Addisionele doel van die oefening is om die speelveld in terme van toerusting vir die deelnemers meer gelyk te maak en om te sorg dat die jagter ook oefen om sy uitrusting in die jagveld optimaal te gebruik.

2. Teiken

Die Sebra-teiken van die SAJWV word gebruik of enige ander teiken van tyd tot tyd deur die skietkomitee goedgekeur. Die kop van die dier mag na links of regs wys (anders-om gedruk).

3. Universele reëls by skietoefeninge

Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.06A - vir beskrywing van algemene (universele) items.

4. Skietbaan veiligheidsreëls en Standaardbevele

Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlai en veiligheidsprosedures.

5. Oefening (item verwysings na die dokument "Universele reëls by skietoefeninge")

Voordat met die skietoefening begin word moet elke skut eers toegelaat word om 'n slagdoppie / "percussion cap" en of 'n skoonbrandskoot / "fouling shot" af te vuur. Dit is nodig om te verseker dat die slagdopnok \ "nipple" en ontstekerkanaal oop en droog is voordat met die laaiproses begin word. Skoonbrand skote is nie verpligtend nie, die keuse berus by die skut.

- a. Vanaf **100m** word **3 skote** in **4 minute** vanuit die lê posisie met beperkte ondersteuning voor en agter geskiet (verwys na item 18.1.3).
- b. Vanaf **75m** word **3 skote** in **4 minute** vanuit enige van die volgende drie alternatiewe skietposisies geskiet:
 - i. sitposisie met vrye ondersteuning (verwys na item 18.2.3).
 - ii. knielposisie met skietstokke as ondersteuning (verwys na item 18.3.2).
 - iii. staanposisie met skietstokke, vrye ondersteuning (verwys na item 18.4.4).
- c. Vanaf **50m** word **3 skote** in **3 minute** uit die vryhand staanhouding geskiet (verwys na item 18.4.1)

6. Algemene reëls.

- 6.1 In die gees van die oefening word die kalibers beperk op .45 en groter.
- 6.2 Die minimum koeëlgewig is 325 grein.
- 6.3 Teleskope met maksimum 4 x vergroting word toegelaat.
- 6.4 Die skut moet al sy skiet-benodighede by hom dra, helpers word nie toegelaat nie. (Knapsak / "Possible bag" met punte, kruit en ander benodighede by die jagter/skut)
- 6.5 Op elke skietpunt word die skut toegelaat om eers deur die laaiproses vir die eerste skoot te gaan voordat die oefening op die afstand begin.

7. Punte toekenning.

Indien 'n skut die skietpunt moet verlaat agv. 'n geweer weiering sal hy net punte kry vir skote op die teiken tot op daardie stadium. Die skut kan die oefening weer skiet sou hy dit verkies.

8. Erkenning

Skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **160, 190 en 220** is beskikbaar vir die skietoefening met 'n maksimum puntetelling van **270**.

9. Veiligheids maatreëls.


- 9.1 Hierdie reëls vervang nie die "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en die "Standaard bevele op die skietbaan" (aparte dokument) nie, maar moet aanvullend daartoe gebruik word. Spesiale aandag moet aan die veiligheidsaspekte van voorlaaiers gegee word deur die baanbeampies.
- 9.2 Vervoer / dra wapens in geweesak/tasse. Die veilige hantering van voorlaaier wapens op die skietpunt moet sodanig wees dat dit nie paniek by die ander skietbaan gebruikers en publiek kan veroorsaak nie.
- 9.3 Geen gelaaide geweer mag van of na die skietpunt geneem word . Die enigste uitsondering is wanneer die wapen weier om te vuur. Die wapen kan na 'n veilige plek geneem word indien die slagdoppie verwyder is en die haan in 'n half span posisie is.
- 9.4 Net een wapen per skut word op die skietpunt toegelaat, pistole /rewolwers word nie op dieselfde baan as gewere toegelaat nie.
- 9.5 Kruit en slagdoppies is potensieel gevaarlik en daarom word geen rook of oop vlamme naby of op die skietpunt toegelaat nie.
- 9.6 Oorbeskerming is verpligtend en oogbeskerming word sterk aanbeveel op die skietpunt.
- 9.7 Die gebruik van moderne rooklose kruit in alle voorlaaiers is verbode. Net kruit wat vir voorlaaiers gemaak en bedoel is sal toegelaat word.
- 9.8 Geen wapens mag direk uit 'n grootmaatkruithouer gelaai word nie.
- 9.9 'n Maksimum van 100 gram kruit of medium grootte kruithoring / fles word toegelaat by die skut op die skietpunt.
- 9.10 Slagdoppies is sensitief en moet beskerm word teen toevallige ontsteking deur hitte, vonke of vlam. Minimum hoeveelhede word op die skietpunt toegelaat.
- 9.11 Slagdoppies mag alleenlik op die wapen geplaas word wanneer die skut gereed is om te skiet, die haan in die half span posisie en die loop van wapen in die rigting van die stopwal wys;
- 9.12 Gedurende die laaiproses moet lope teen ongeveer 10 grade van vertikaal in die rigting van stopwal gehou word.
- 9.13 Skuts moet verseker dat die haan van die wapen in die half span posisie is voordat met die laai proses begin word.

10. Hantering van weierings.

- 10.1 Sou 'n wapen weier om af te gaan moet die skut die wapen op die teiken hou vir ten minste een minuut. Daarna moet sorg gedra word dat die loop in die rigting van die stopwal wys as daar aan die wapen gewerk word.
- 10.2 Na die wagperiode moet die baanoffisier inkennis gestel word dat die wapen weier om te vuur / af te gaan. Die skut kan dan 'n vars / nuwe slagdoppie op die slagdopnok van wapen plaas en weer probeer. Pangewere moet ook vir ten minste 30 sekondes op die teiken gehou word voordat die pan weer gelaai mag word. Onthou egter dat dit gewoonlik net die vuurklip is wat nie gevonk het nie.
- 10.3 Indien 'n weiering vir 'n tweede keer nie deur die skut self op die skietpunt opgeklaar kan word nie moet die skut onttrek. Die skut moet nou deur die veiligheidsprosedures gaan om die wapen veilig te maak. Die baanoffisier moet verseker dat die wapen veilig (slagdoppie verwyder van slagdopnok, kruit uit pan en haan in half span posisie) is voordat hy die skut sal toelaat om die wapen van die skietpunt te verwyder sodat die skietoefening kan voortgaan.

10.4

Die skut kan toegelaat word om op 'n veilige plek verdere prosedures toe te pas om sy wapen weer bruikbaar te maak.



Teiken werklike grootte: WxH = 750 x 1000mm

Teiken areas	W x H mm	Area cm2	vs Hart
Brein/skedel	115 x 105	102	80%
Hart	117 x 135	128	--
V-hart	73 dia	42	33%
Sentrale hart/long	200 x 250	440	340%
Groter hart/long	270 x 310	820	640%

Nekwerwel: 70mm wyd

Die tellings is op die teiken gedruk.

Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op 'n afstand sigbaar is nie.